# Grondslag

*Die Dameskring tree op volgens die riglyne van die Woord van God Drie-enig en in belang van die Republiek van Suid-Afrika.*

## Doelstellings

Die Dameskring het die volgende doelstellings:

- die praktiese uitlewing van Christenskap;
- die behoud en versterking van die gesin;
- die bevordering van die Afrikaanse taal, kultuur, waardestelsel, geskiedenis en tradisies;
- die toerusting en bemagtiging van die vrou op geestelike, ekonomiese, politieke, fisiese en opvoedkundige terreine;
- die aktiewe bevordering van goeie menseverhoudings en die sinvolle naasbestaan van alle inwoners van die Republiek van Suid-Afrika.

## Leuse

Die leuse van Die Dameskring is WAAK EN WERK.